Verslag MM-106 1984

# Die werksituasie van 'n groep sosiologie-gegradueerdes

S.S. Terblanche

001.3072068 HSRC MM 106

RGN·HSRC

BIBLIOTEEK
LIBRARY

RGN

RAAD VIR
GEESTESWETENSKAPLIKE
NAVORSING

HSRC

HUMAN
SCIENCES RESEARCH
COUNCIL

RGN·HSRC

034743

SENTRUM VIR BIBLIOTEEK- EN INLIGTINGSDIENSTE

CENTRE FOR LIBRARY AND IMFORMATION SERVICES

RGN·HSRC

VERVALDATUM/DATE DUE

1985 -03- 29

0000623454

2844363866

001.3072068 HSRC MM 106

*062345*

# Die werksituasie van 'n groep sosiologie-gegradueerdes

Verslag MM-106

# Die werksituasie van 'n groep sosiologie-gegradueerdes

S.S. Terblanche

Pretoria
Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing
1984

S.S. Terblanche, B.Sc., B.A. (Hons.), M.A.

Instituut vir Mannekragnavorsing
Direkteur: S.S. Terblanche

ISBN 0 7969 0123 6

Prys: R6,80
(AVB uitgesluit)

© Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing 1984
Alle regte voorbehou

BEDANKING

Mnr. P.A. Strydom, tans verbonde aan die Meningspeilingsentrum van die RGN word hartlik bedank vir sy bydrae tot die ontwikkeling van die vraelys wat in hierdie ondersoek gebruik is, asook vir die datavaslegging.

RGN BIBLIOTEEK LIBRARY HSRC
198[illegible] -08-30
STANDKODE 001.3072068 HSRC MM 106
REGISTERNOMMER 064743
BESTELNOMMER R10

TABELLE


| | | BLADSY |
|---|---|---|
| 1.1 | VERGELYKING VAN DIE ONDERSOEKGROEP MET DIE NIE-RESPONDENTE-GROEP VOLGENS KWALIFIKASIEPEIL, BEVOLKINGSGROEP EN GESLAG | 3 |
| 1.2 | TAAL VOLGENS KWALIFIKASIEPEIL | 4 |

FIGURE


| | | BLADSY |
|---|---|---|
| 1 | BEROEPE DEUR GEGRADUEERDES IN SOSIOLOGIE BEOEFEN | 8 |
| 2 | WERKGEWER VAN GEGRADUEERDES VOLGENS BEROEP | 13 |
| 3 | BELANGRIKHEID VAN ASPEKTE VIR UITVOERING VAN WERK | 17 |
| 4 | RELATIEWE BELANGRIKHEID VAN ASPEKTE BY DIE KEUSE VAN SOSIOLOGIE AS STUDIERIGTING OP B.-GRAADVLAK | 22 |
| 5 | PERSENTASIE PERSONE WAT VERDER IN 'N SOSIOLOGIESE OF NIE-SOSIOLOGIESE RIGTING STUDEER | 24 |
| 6 | REDES VIR VERDERE STUDIE | 25 |
| 7 | PERSENTASIE WAT OPLEIDING IN 'N SPESIALISERINGSRIGTING ONTVANG HET EN DIE MATE WAARIN DIE OPLEIDING GEBRUIK WORD | 27 |

DENDROGRAMME


| | | BLADSY |
|---|---|---|
| 1 | IS U VAN MENING DAT U UNIVERSITEITSOPLEIDING IN SOSIOLOGIE 'N VEREISTE WAS VIR AANSTELLING IN U HUIDIGE POS? | 15 |
| 2 | HOE TEVREDE IS U MET U WERK? | 19 |
| 3 | MATE WAARIN KENNIS VAN SOSIOLOGIESE TEORIE IN HUIDIGE BEROEP GEBRUIK WORD | 29 |
| 4 | MATE WAARIN KENNIS VAN SOSIOPATOLOGIE/AFWYKENDE GEDRAG IN HUIDIGE BEROEP GEBRUIK WORD | 30 |
| 5 | MATE WAARIN KENNIS VAN SOSIOLOGIESE NAVORSINGSMETODOLOGIE IN HUIDIGE BEROEP GEBRUIK WORD | 31 |
| 6 | MATE WAARIN KENNIS VAN GESINSOSIOLOGIE IN HUIDIGE BEROEP GEBRUIK WORD | 33 |
| 7 | MATE WAARIN KENNIS VAN SAMELEWINGSTRUKTUUR IN HUIDIGE BEROEP GEBRUIK WORD | 34 |
| 8 | MATE WAARIN KENNIS VAN GROEPSDINAMIKA IN HUIDIGE BEROEP GEBRUIK WORD | 35 |
| 9 | MATE WAARIN KENNIS VAN SOSIALE DEMOGRAFIE IN HUIDIGE BEROEP GEBRUIK WORD | 36 |
| 10 | MATE WAARIN KENNIS VAN SOSIALE SIELKUNDE IN HUIDIGE BEROEP GEBRUIK WORD | 37 |
| 11 | MATE WAARIN KENNIS VAN RASSE-/ETNIESE SOSIOLOGIE IN HUIDIGE BEROEP GEBRUIK WORD | 38 |
| 12 | MATE WAARIN KENNIS VAN BEDRYFS/ORGANISASIE/INDUSTRIëLE SOSIOLOGIE IN HUIDIGE BEROEP GEBRUIK WORD | 39 |

# DIE WERKSITUASIE VAN 'N GROEP SOSIOLOGIE-GEGRADUEERDES

## 1 INLEIDING

### 1.1 AGTERGROND

Die RGN se Instituut vir Mannekragnavorsing is reeds 'n aantal jare besig met 'n redelik omvattende beroepsnavorsingsprogram. As gevolg van die belangrike rol wat hoogopgeleide persone in die ekonomie van 'n land speel en die koste verbonde aan sodanige opleiding, nie alleen vir die staat nie maar ook vir die indiwidu, word in dié program hoofsaaklik op hoëvlakberoepe gekonsentreer. Hierdie studie oor die werksituasie van persone met opleiding in sosiologie vorm deel van die program en die rede vir die keuse spruit uit die populariteit van hierdie vakrigting by persone wat veral 'n B.A.-graad neem.

Sosiologie is eintlik 'n baie omvattende en wye vakgebied en behels die studie van die mens in groepsverband. Weinig inligting is egter beskikbaar oor hoe hierdie vakgebied spesifiek in die werksituasie toepassing vind.

### 1.2 METODE VAN ONDERSOEK

#### 1.2.1 Seleksie van 'n ondersoekgroep

Die RGN-register van gegradueerdes wat tans die gegewens van byna 190 000 gegradueerdes bevat is die beste bron waar die name en adresse van persone met opleiding in sosiologie bekom kan word. Die name van al die persone wat oor minstens 'n B.-graad in sosiologie of Bedryfsosiologie beskik is van die Register getrek. Omdat 'n ondersoek oor maatskaplike werkers aan die gang was (Cilliers, 1982)*, is persone wat aan die voorgenoemde vereistes voldoen, maar eintlik as maatskaplike werkers opgelei is, nie in aanmerking geneem vir insluiting in hierdie studie oor die beroepsituasie van persone met opleiding in sosiologie nie. Die groep wat geselekteer is, word in twee groepe verdeel, naamlik

*Cilliers, G. 'n Beroepstudie van maatskaplike werkers. Pretoria : Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1982

dié wat sosiologie slegs tot op B.-graadvlak geneem het en die wat oor 'n nagraadse kwalifikasie daarin beskik. Omdat 'n relatief groot persentasie van die persone met opleiding in sosiologie die vak net tot op derde-jaarvlak neem (meer as 90 %) en om die koste van die ondersoek te beperk is 50 % van dié persone op 'n ewekansige manier gekies vir insluiting in die ondersoekgroep.

### 1.2.2 Die vraelys

Die nodige inligting is deur middel van 'n posvraelys ingesamel (kyk bylae). Die vraelys is na oorlegpleging met werkgewers en doserende personeel aan universiteite opgestel. Die vraelyste is in Junie 1980 uitgestuur en 'n aanmaning is teen einde Julie 1980 aan non-respondente gestuur. Teen die einde van Augustus 1980 is 1 593 (60,9 %) van die 2 617 vraelyste wat versend is, terugontvang en verwerk. 'n Responspersentasie van 60 % is baie goed vir 'n posvraelys.

## 1.3 DIE ONDERSOEKGROEP

In die vorige paragraaf is genoem dat vraelyste slegs gestuur is aan die helfte van die persone wat sosiologie tot op B.-graadvlak geneem het. Kwalifikasiespeil speel 'n belangrike rol in die benutting van opleiding in werkverband. Om dus die onderlinge verband tussen die kwalifikasiegroepe in die beskrywing van die werksituasie in korrekte perspektief te stel, is die response van die B.-graadgroep weer verdubbel. Die getal wat in die verslag dus as ondersoekgroep gebruik word, is die aangepaste getal van 2918 en nie die werklike response van 1593 nie.

In tabelle 1.1 en 1.2 word die verkreë ondersoekgroep met die nie-respondente vergelyk om 'n aanduiding van moontlike reponssydigheid te verkry. Tabel 1.1 toon die kwalifikasiepeil volgens bevolkingsgroep en geslag en tabel 1.2 toon die samestelling van die groepe volgens taal.

Enkele opvallende verskille kom tussen die ondersoekgroep en die non-respondente voor.

TABEL 1.1

VERGELYKING VAN DIE ONDERSOEKGROEP MET DIE NIE-RESPONDENTEGROEP VOLGENS KWALIFIKASIEPEIL, BEVOLKINGSGROEP EN GESLAG

(a) Mans

| Kwalifikasiepeil | Blank | | | | Kleurling | | | | Asiër | | | | Swart | | | | Totaal | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Respondente | | Non-responsgroep | | Respondente | | Non-responsgroep | | Respondente | | Non-responsgroep | | Respondente | | Non-responsgroep | | Respondente | | Non-responsgroep | |
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| B.-graad | 1510 | 87,0 | 856 | 89,4 | 50 | 96,2 | 24 | 92,3 | 92 | 97,9 | 80 | 98,8 | 82 | 93,2 | 96 | 97,0 | 1734 | 88,0 | 1056 | 90,8 |
| Honneursgraad | 110 | 6,3 | 60 | 6,3 | 2 | 3,8 | 2 | 7,7 | 2 | 2,1 | 1 | 1,2 | 4 | 4,5 | 3 | 3,0 | 118 | 6,0 | 66 | 5,7 |
| M.-graad | 64 | 3,1 | 24 | 2,5 | | | | | | | | | 2 | 2,3 | | | 66 | 3,4 | 24 | 2,1 |
| D.-graad | 52 | 3,0 | 17 | 1,8 | | | | | | | | | | | | | 52 | 2,6 | 17 | 1,5 |
| TOTAAL N | 1736 | 100 | 957 | 100 | 52 | 100 | 26 | 100 | 94 | 100 | 81 | 100 | 88 | 100 | 99 | 100 | 1970 | 100 | 1163 | 100 |
| TOTAAL % | 64,5 | | 35,5 | | 66,7 | | 33,3 | | 53,7 | | 46,3 | | 47,1 | | 53,9 | | 62,9 | | 37,1 | |

(b) Vroue

| Kwalifikasiepeil | Blank Respondente N | % | Blank Non-responsgroep N | % | Kleurling Respondente N | % | Kleurling Non-responsgroep N | % | Asiër Respondente N | % | Asiër Non-responsgroep N | % | Swart Respondente N | % | Swart Non-responsgroep N | % | Totaal Respondente N | % | Totaal Non-responsgroep N | % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| B.-graad | 852 | 95,3 | 648 | 95,3 | 10 | 100,0 | 12 | 100,0 | 26 | 96,3 | 16 | 100,0 | 16 | 94,1 | 18 | 85,7 | 904 | 95,4 | 694 | 95,1 |
| Honneursgraad | 36 | 4,0 | 23 | 3,4 | | | | | | | | | 1 | 5,9 | 3 | 14,3 | 37 | 3,9 | 27 | 3,7 |
| M.-graad | 5 | 0,6 | 9 | 1,3 | | | | | 1 | 3,7 | | | | | | | 6 | 0,6 | 9 | 1,2 |
| D.-graad | 1 | 0,1 | | | | | | | | | | | | | | | 1 | 0,1 | | |
| TOTAAL N | 894 | 100 | 680 | 100 | 10 | 100 | 12 | 100 | 27 | 100 | 16 | 100 | 17 | 100 | 21 | 100 | 948 | 100 | 730 | 100 |
| TOTAAL % | 56,8 | | 43,2 | | 45,4 | | 54,4 | | 62,8 | | 37,2 | | 44,7 | | 55,3 | | 56,5 | | 43,5 | |

TABEL 1.2

TAAL VOLGENS KWALIFIKASIEPEIL

| Taal | B.-graad | | | | Honneursgraad | | | | M.-graad | | | | D.-graad | | | | Totaal | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Respondente | | Non-responsgroep | | Respondente | | Non-responsgroep | | Respondente | | Non-responsgroep | | Respondente | | Non-responsgroep | | Respondente | | Non-responsgroep | |
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Afrikaans | 1738 | 66,9 | 988 | 56,5 | 125 | 80,6 | 57 | 61,3 | 62 | 86,1 | 25 | 75,8 | 51 | 96,2 | 12 | 70,6 | 1976 | 67,7 | 1082 | 57,2 |
| Engels | 900 | 34,1 | 762 | 43,5 | 30 | 19,4 | 36 | 38,7 | 10 | 13,9 | 8 | 24,2 | 2 | 3,8 | 5 | 29,4 | 942 | 32,3 | 811 | 42,8 |
| TOTAAL | 2638 | 100 | 1750 | 100 | 155 | 100 | 93 | 100 | 72 | 100 | 33 | 100 | 53 | 100 | 17 | 100 | 2918 | 100 | 1893 | 100 |

(a) 'n Groter persentasie mans as vroue het die vraelys ingevul. By beroepstudies van hierdie aard waar die klem hoofsaaklik op die werksituasie val, kom hierdie verskynsel telkens voor en dit kan waarskynlik gedeeltelik verklaar word deur 'n groter mate van onbetrokkenheid van "nie-werkende" vroue.

(b) Kleurlingmans is 'n uitsondering hier. Die verskynsel dat Blankes beter reageer wanneer van posvraelyste gebruik gemaak word, kom redelik algemeen voor. Die redes vir die swakker respons van die ander bevolkingsgroepe kan veelvoudig wees en is moeilik om te verklaar. Dié responsgeneigdheid word ook by die samestelling van die Register van Gegradueerdes ervaar.

(c) Die hoër gekwalifiseerdes het beter as die B.-graadgroep gereageer. Hierdie reaksie is heel verstaanbaar want die persone wat verder in sosiologie gestudeer het, voel waarskynlik meer betrokke by 'n studie wat oor die sosiologiegegradueerde handel.

'n Verdere kenmerk van die ondersoekgroep is die relatief klein persentasie gegradueerdes wat nagraadse kwalifikasies in sosiologie behaal het, (10 % van die mans en 5 % van die vroue aan wie vraelyste gestuur is) dit wil sê respondente + non-respondente.

In tabel 1.2 word korrespondensietaal as verdere veranderlike bygebring. Volgens tabel 1.2 verskil respondente en non-respondente aanmerklik sover dit responsgedrag betref. Die persone wat Engels as korrespondensietaal verkies, het 'n baie laer responskoers as die wat Afrikaans verkies (57 % teenoor 68 %). Wat Blankes betref, sal korrespondensietaal in 'n hoë mate 'n weerspieëling van die persoon se huistaal wees. Vir gemak sal in die res van die verslag, indien van die verander-like gebruik gemaak word, na Afrikaans- of Engelssprekendes verwys word.

'n Verdere opmerklike verskil tussen die twee taalgroepe is dat Engelssprekendes baie minder geneig is om hul sosiologiese studies verder as B.-graadvlak te voer. Terwyl 38 % van die Registergroep wat

oor 'n B.-graad met sosiologie as hoofvak beskik, Engelssprekend is, is die persentasie vir die Honneursgroep 27, vir die M.-groep 31 en vir die D.-groep 10. In die geval sal die feit dat Swartes en Asiërs Engels as korrespondensietaal verkies wel 'n rol speel, maar dit kan nie die volle omvang van die verskille verklaar nie.

Duidelike voorbeelde van responssydigheid word dus aangetref. Wanneer posvraelyste in 'n ondersoek gebruik word en deelname vrywillig is, met ander woorde 'n 100 % respons word nie verkry nie, is daar altyd 'n meerdere of mindere mate van sydigheid en die verkreë steekproef kan nooit heeltemal verteenwoordigend wees nie. Die vraag is of hierdie sydigheid wat as gegewene aanvaar moet word, die resultate van die ondersoek onbruikbaar maak. Hierdie vraag kan gewoonlik nie ondubbelsinnig ja of nee beantwoord word nie, want kennis van die populasie ontbreek en die posvraelys verhoed die trek van 'n ewekansig verteenwoordigende steekproef. In hierdie opsig deel die navorser wat van 'n posvraelys gebruik maak die dilemma van die psigometrikus wanneer die geldigheid van 'n toets bepaal wil word. Werklike geldigheid kan slegs by hoë uitsondering, indien ooit, bepaal word. Die konsepte soos interne geldigheid en konstrukgeldigheid is slegs hulpmiddels om die navorser te help om die bruikbaarheid van sy meetmiddel te beoordeel.

Streng gesproke geld die bevindinge van hierdie ondersoek dus net vir die ondersoekgroep omdat daar nie op statistiese gronde na die populasie van gegradueerdes in sosiologie veralgemeen kan word nie. Die populasie sou egter dramaties van die ondersoekgroep moet verskil om die resultate onbruikbaar te maak.

## 2 BEROEPSBEOEFENING

### 2.1 INLEIDING

Die opleiding wat 'n persoon ondergaan, vind gewoonlik in een of ander vorm neerslag in die beroep wat die persoon beoefen. Hierdie paragraaf handel oor die beroepsbeoefening van die ondersoekgroep en aspekte wat nou daarmee in verband staan. In die paragraaf, soos bykans oral in die verslag, word geslag as verdeler gebruik omdat die hele beroepspa-

patroon van mans en vroue so verskil. Kwalifikasiepeil in sosiologie (B.-graad of nagraads) sal ook 'n belangrike effek op die benutting van sosiologiese kennis in werkverband hê en word ook dikwels as verdeler gebruik.

## 2.2 BEROEPE WAT BEOEFEN WORD

Vir doeleindes van ontleding word die beroepe in groepe ingedeel en in hierdie verslag word meesal die volgende groepe gebruik:

(1) Sosioloog en dosent in sosiologie
(2) Ander dosent
(3) Onderwysberoep
(4) Godsdiensberoep
(5) Ander geesteswetenskaplike beroep
(6) Ander professionele of semi-professionele beroep
(7) Bestuur of administratiewe beroep
(8) Ander werker (klerklike , diens-, aankoopwerker en ander)

Daar is ook persone in die ondersoekgroep wat tans nie 'n beroep beoefen nie, soos pensioenarisse, studente en huisvroue. Van die vroue was 281 (29,6 %) huisvroue terwyl die pensionarisse onder mans ongeveer 5 % tel.


Figuur 1(a) tot (d) toon die beroepe wat deur die ondersoekgroep beoefen word, volgens geslag en onderwyspeil.

Seker die opvallendste kenmerk is die klein groepie persone wat 'n beroep beoefen wat direk met vak/dissipline in verband staan (beroep 1). In hierdie verband moet egter onthou word dat maatskaplike werkers nie by die ondersoek ingesluit is nie. Die meeste van die Blanke mans word in bestuur en administratiewe beroepe aangetref (beroep 7) terwyl Blanke vroue neig om in onderwys (beroep 3) en ander geesteswetenskaplike beroepe (5) te konsentreer. Behalwe in die groep sosioloë en dosent in sosiologie is die getal persone wat oor nagraadse kwalifikasies in sosiologie beskik maar min. Onder die Blankes beskik 12 % van die mans en 5 % van die vroue oor 'n nagraadse kwalifikasie. Onder die ander bevolkingsgroepe is nagraadse kwalifikasies nog veel skaarser.

FIGUUR 1


BEROEPE DEUR GEGRADUEERDES IN SOSIOLOGIE BEOEFEN

(a) Blank



(b) Kleurling

Beroep
1 = Sosioloog en dosent in sosiologie
2 = Ander dosent
3 = Onderwys
4 = Godsdiensberoep
5 = Ander geesteswetenskaplik
6 = Ander professioneel en semi-professioneel
7 = Bestuur en administratief
8 = Ander



(c) Asiër

Beroep

1 = Sosioloog en dosent in sosiologie

2 = Ander dosent

3 = Onderwys


4 = Godsdiensberoep

5 = Ander geesteswetenskaplik

6 = Ander professioneel en semi-professioneel

7 = Bestuur en administratief

8 = Ander



(d) Swart

Beroep

1 = Sosioloog en dosent in sosiologie

2 = Ander dosent

3 = Onderwys


4 = Godsdiensberoep

5 = Ander geesteswetenskaplik

6 = Ander professioneel en semi-professioneel

7 = Bestuur en administratief

8 = Ander



Onder die Nie-Blanke bevolkingsgroepe figureer bestuur en administratiewe beroepe saam met onderwysberoepe (behalwe in die geval van Swartes) baie sterk.

## 2.3 WERKGEWER

Die werkgewers word in vier groepe ingedeel:

(1) In eie diens
(2) Openbare sektor
(3) Openbare korporasies
(4) Privaatsektor.

Figuur 2 toon die werkgewerverdeling van die ondersoekgroep. Die figuur wys duidelik dat die openbare sektor die vernaamste werkgewer van die ondersoekgroep is. Die meerderheid van die gegradueerdes in die privaatsektor beoefen 'n godsdiensberoep (beroep 4) met ander woorde is predikante. Die meeste van die beoefenaars van administratiewe en bestuursberoepe (beroep 7) word ook in die openbare sektor aangetref (300 teenoor die 155 in die privaatsektor).


## 2.4 DIE BELANGRIKHEID VAN UNIVERSITEITSOPLEIDING IN SOSIOLOGIE VIR AANSTELLING IN HUIDIGE POS

In sommige ontledings in die verslag word van dendrogramme gebruik gemaak. Die dendrogramme word met die CHAID-ontledingstegniek opgetrek. Die CHAID-tegniek is lid van die familie van AID-tegnieke (Automatic Interaction Detection) en verdeel die statistiese populasie in subpopulasies wat statisties beduidend van mekaar verskil ten opsigte van hul reaksie met betrekking tot een of ander afhanklike veranderlike. Saam met die afhanklike veranderlike word ook 'n aantal onafhanklike of verklarende veranderlikes gebruik. Vir 'n volledige beskrywing van die tegniek sien Du Toit en Stumpf*.

*Du Toit, S.H.C., Stumpf, R.H. Riglyne by die ontleding van omvangryke datastelle. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1982.

FIGUUR 2

WERKGEWER VAN GEGRADUEERDES VOLGENS BEROEP




Beroep

1 = Sosioloog en dosent in sosiologie

2 = Ander dosent

3 = Onderwys

4 = Godsdiensberoep

5 = Ander geesteswetenskaplik

6 = Ander professioneel en semi-professioneel

7 = Bestuur en administratief

8 = Ander

Werkgewer

1 = Eie diens

2 = Openbare sektor

3 = Openbare korporasie

4 = Privaatsektor

Dendrogram 1 toon die reaksie van die ondersoekgroep op die vraag of universiteitsopleiding in sosiologie 'n vereiste was vir aanstelling in huidige pos (afhanklike veranderlike). In die spesifieke ontleding is die verklarende veranderlikes ouderdom, beroep, onderwyspeil en geslag.

Dendrogram 1 toon dat beroep as verklarende veranderlike die meeste van die variansie in die ondersoekgroep se reaksie op die afhanklike veranderlike "verklaar". Die verskillende beroepsgroepe reageer dus nie eenders op die vraag nie. Vir dié spesifieke ontleding word sosioloë en dosente in sosiologie geskei en as afsonderlike beroepe beskou.

Soos verwag kan word, beskou dosente in sosiologie hul universiteitsopleiding as 'n vereiste vir aanstelling en die 6,4 % wat nie positief gereageer het nie se reaksie is moeilik te verklaar.

'n Aansienlike persentasie (44 %) van die sosioloë, ander dosente, ensovoorts het positief op die vraag gereageer en die groep wat oor nagraadse kwalifikasies beskik, was veral tot positiewe reaksie geneig. Die soort reaksie geld veral vir die sosioloë (100 %), ander dosente, ander geesteswetenskaplikes, bestuurders en administratiewe werkers (67 %). Mans was ook meer as vroue geneig om aan te dui dat hulle kwalifikasie in sosiologie 'n vereiste was vir aanstelling.


In die geheel gesien het ongeveer 40 % van die ondersoekgroep gesê dat hul universiteitsopleiding in sosiologie 'n rol gespeel het by aanstelling in hul huidige werk. Die feit dat met die uitsondering van sosioloë en dosente in die sosiologie, die meerderheid van die beoefenaars van ander beroepe sê dat hul kwalifikasie in sosiologie geen aanbeveling vir aanstelling was nie, kan as 'n aanduiding beskou word dat sosiologie, of as ondersteunende vak of sonder inagneming van die beroepswaarde daarvan geneem word.

## 2.5 BELANGRIKHEID VAN SEKERE EIENSKAPPE EN VERMOËNS IN DIE UITVOERING VAN HUIDIGE WERK

Aan die ondersoekgroep is 'n lys van aspekte gegee wat hulle op 'n skaal (0 = glad nie tot 5 = baie) moes beoordeel in terme van die belangrikheid van die aspek vir die uitvoering van hul huidige werk.

DENDROGRAM 1

IS U VAN MENING DAT U UNIVERSITEITSOPLEIDING IN SOSIOLOGIE 'N VEREISTE WAS VIR AANSTELLING IN U HUIDIGE POS?




a = die voorspeller is nie beduidend nie
b = geen voorspelling is moontlik nie
c = N te klein vir verdere verdeling

Die aspekte wat beoordeel moes word, is:

(1) Kennis van sosiologie
(2) Kennis van ander vakgebied(e)
(3) Insig in my werk
(4) Gemotiveerdheid vir my werk
(5) Goeie menseverhoudings in werkverband
(6) Vermoë om deeglik te beplan
(7) Vermoë om vinnig te kan werk
(8) Noukeurigheid waarmee die werk gedoen word.

Figuur 2(a) en (b) toon die beoordeling van die verskillende beroepsgroepe in die vorm van ster-diagramme aan (die middelpunt van die sirkel stel 0 voor en die omtrek 5).

Sosioloë en dosente in sosiologie is al groepe wat kennis van sosiologie as baie belangrik beskou. Vir al die ander groepe word kennis van sosiologie as die mins belangrike eienskap beskou. By al die ander groepe word kennis van 'n ander vakgebied(e) (2) as van groter belang beskou.

Die algemene neiging is om aspekte 2 tot 5 en 8 hoog aan te slaan. Aspekte 6 en 7 (vermoë om deeglik te beplan en om vinnig te kan werk) word ook as belangrik beskou maar nie in dieselfde mate as voorgenoemde aspekte nie.

Alhoewel "kennis" van die sosiologie deur verreweg die meeste van die ondersoekgroep as die mins belangrike eienskap aangeslaan word, is dit nie te sê dat die ondersoekgroep dit as van minder belang beskou nie. Dit is eerder die geval dat die ander eienskappe besonder hoog aangeslaan word.


Sosiologie, soos ook ander geesteswetenskappe vind moeilik 'n direkte toepassingsveld, maar is tog belangrik vir algemene begrip van die wêreld om ons en ons eie situasie daarin. Tog is dit veelseggend dat so 'n groot deel van die ondersoekgroep kennis van 'n ander vak of vakke as van heelwat meer belang as kennis van sosiologie beskou.

FIGUUR 3

BELANGRIKHEID VAN ASPEKTE VIR UITVOERING VAN WERK


(a) MANS

Sosioloog en/of dosent in sosiologie





N=55

Ander dosent





N=111

Onderwys





N=272

Godsdiensberoepe





N=263

Ander geesteswetenskaplik





N=281

Ander professioneel en semi-professioneel





N=98

Bestuur en administrasie




N=449

Ander





N=157

BELANGRIKHEID VAN ASPEKTE VIR UITVOERING VAN WERK


(b) VROUE

Sosioloog en/of dosent in sosiologie





N=13

Ander dosent





N=53

Onderwys





N=133

Ander geesteswetenskaplik





N=157

Ander professioneel en semi-professioneel





N=70

Bestuur en administrasie




N=78


Ander




N=93

DENDROGRAM 2

HOE TEVREDE IS U MET U WERK?




a = Die voorspeller is nie beduidend nie
b = Geen voorspelling is moontlik nie
c = N te klein om verder te verdeel

Inkomste

1 = R0 - R 9165
2 = R 9166 - R12640
3 = R12641 - R16790
4 = R16791 +

## 2.6 WERKTEVREDENHEID

Daar is seker min aspekte van die werksituasie wat so nagevors is, as juis dié van werktevredenheid. Die navorsing toon dat die mate van tevredenheid wat 'n persoon in sy werk ervaar, die funksie van 'n veelheid van faktore is. Dit is ook nie net die werksituasie wat die persoon se vlak van werktevredenheid beïnvloed nie.

In dendrogram 2 is die reaksie op die vraag "Hoe tevrede is u met u werk?", die afhanklike veranderlike. Die mate van tevredenheid is in 3 kategorieë geklassifiseer, naamlik tevrede, neutraal en ontevrede. Ouderdom, kwalifikasies, geslag, beroep, inkomste en werkgewer is die verklarende veranderlikes.

Die beroep van die persoon word deur die CHAID-ontleding aangedui as die veranderlike wat die meeste van die variansie in die afhanklike veranderlike verklaar. Dit is eintlik die onderwysers, dienswerkers en klerklike werkers wat van die ander groepe verskil in die sin dat 'n kleiner persentasie tevrede met hul werk is.

Na beroep is dit veral inkomste en ouderdom wat sterk in die ontleding figureer. Sover dit inkomste betref, is die normale patroon dat namate inkomste toeneem, neig werktevredenheid ook om toe te neem.

Die assosiasie tussen ouderdom en tevredenheid is nie so eenduidig nie. Die jonger groep (20-29 j.) neig om minder tevrede te wees. Waar werkgewer in die ontleding opgeneem word, neig werkers in die openbare sektor om meer ontevrede as werkers in die privaatsektor te wees. Hierdie verskynsel is telkens in navorsing van die RGN oor werktevredenheid van verskillende groepe waargeneem. Daar moet verder in gedagte gehou word dat onderwysers en dienswerkers byna uitsluitlik in die openbare sektor werksaam is.

Daar is ook 'n neiging vir persone om meer tevrede te wees namate inkomste toeneem. Die neiging moet egter nie sommer direk aan die uitwerking van inkomste as sodanig toegeskryf word nie, want die mate van tevredenheid wat 'n persoon uit die beoefening van sy beroep ontvang,

is afhanklik van 'n veelheid van faktore. 'n Hoër inkomste gaan gewoonlik ook gepaard met meer verantwoordelikheid en is tiperend van 'n werk wat hoër eise aan 'n persoon stel en dus normaalweg ook meer geleenthede vir selfaktualisering bied. Navorsing het dan ook getoon dat werkers wat beroepe beoefen wat sulke geleenthede bied, normaalweg 'n hoë mate van tevredenheid toon.

## 3 REDES VIR DIE KEUSE VAN SOSIOLOGIE AS STUDIERIGTING EN DIE BELANGRIKHEID VAN SOSIOLOGIE IN WERKVERBAND

### 3.1 INLEIDING

Aansluitend by die vorige paragraaf handel hierdie paragraaf hoofsaaklik oor die siening van die ondersoekgroep oor hoe belangrik sosiologie of sy deeldissiplines in werkverband is.

In die vorige paragraaf is aangetoon dat die ondersoekgroep kennis van die sosiologie uit 'n hele aantal vermoëns en eienskappe as van minder belang beskou en daarom waarskynlik ook van mening is dat dit minder van 'n direkte toepassing in werkverband het. Die vraag ontstaan dus waarom die ondersoekgroep sosiologie as hoofvak gekies het.

### 3.2 REDES VIR DIE KEUSE VAN SOSIOLOGIE AS HOOFVAK

Aan die respondente is agt moontlike redes voorgehou, naamlik:

(1) Belangstelling in die sosiologie
(2) Toepassingsmoontlikhede in werkverband
(3) Vir beter begrip van menseverhoudings
(4) Goeie aanvullende hoofvak vir my ander hoofvak
(5) Verpligte hoofvak vir my kursus
(6) Die algemeen vormende waarde van sosiologie
(7) Sosiologie was vir my interessant
(8) Sosiologie was 'n maklike stopvak.


In figuur 3(a) en (b) word die resultate van die beoordeling vir mans en vroue afsonderlik verstrek.

FIGUUR 4

RELATIEWE BELANGRIKHEID VAN ASPEKTE BY DIE KEUSE VAN SOSIOLOGIE AS STUDIERIGTING OP B.-GRAADVLAK


(a) MANS

Sosioloog en/of dosent in sosiologie





N=55

Ander dosent





N=111

Onderwys





N=272

Godsdiensberoepe





N=263

Ander geesteswetenskaplik





N=281

Ander professioneel en semi-professioneel





N=98

Bestuur en administrasie




N=449

Ander





N=157

RELATIEWE BELANGRIKHEID VAN ASPEKTE BY DIE KEUSE VAN SOSIOLOGIE AS STUDIERIGTING OP B.-GRAADVLAK


(b) VROUE

Sosioloog en/of dosent in sosiologie





N=13

Ander dosent





N=53

Onderwys





N=133

Ander geesteswetenskaplik





N=157

Ander professioneel en semi-professioneel





N=70

Bestuur en administrasie




N=78

Ander




N=93


Die algemene beoordeling van mans en vroue sowel as die beoefenaars van die verskillende beroepsgroepe was baie eenders. Redes 5 en 8 (verpligte hoofvak en maklike stopvak) het bykans geen rol gespeel nie. Redes 1, 3, 4 en 7 (belangstelling, menseverhoudings, aanvullende vak en interessantheid) word deurgaans hoog aangeslaan. Alhoewel nie heeltemal op dieselfde vlak as voorgenoemde nie, word die toepassing in werkverband ook as relatief belangrik beskou.

## 3.3 VERDERE STUDIE

Figuur 5 dui die persentasie persone aan wat verder studeer en of hierdie studie in 'n sosiologiese of ander rigting is.

FIGUUR 5

PERSENTASIE PERSONË WAT VERDER IN 'N SOSIOLOGIESE OF NIE-SOSIOLOGIESE RIGTING STUDEER





Volgens figuur 5 studeer ongeveer 'n kwart van die ondersoekgroep verder. Slegs 11 % van die wat verder studeer, kies 'n sosiologiese rigting. Daar is reeds in paragraaf 2 daarop gewys dat die ondersoekgroep 'n hele diverse spektrum van beroepe beoefen en dat slegs 'n klein groepie 'n beroep beoefen wat direk met die sosiologie in verband staan, naamlik as sosioloog of dosent in die sosiologie. Verdere studie hou normaalweg verband met die beroep wat die persoon beoefen. Die sterdiagramme van figuur 6 toon dan ook dat die rede "om huidige werk beter te kan verrig" by mans en vroue met die uitsondering van vroue wat in 'n sosiologiese rigting verder studeer, 'n

FIGUUR 6

REDES VIR VERDERE STUDIE

Mans

(a) Sosiologiese rigting (b) Nie-sosiologiese rigting




1 = Om huidige werk beter te kan verrig

2 = Vir bevordering binne organisasie

3 = Om 'n betrekking elders te kan bekom

4 = 'n Spesifieke belangstelling

belangrike rede vir verdere studie is. Die figuur wys egter duidelik dat die belangrikste rede vir verdere studie die belangstelling van betrokke persone is. Ook hier sal die beroep wat die persoon beoefen 'n belangrike rol speel want die onderwyser byvoorbeeld sal hoogs waarskynlik in opvoedkunde belangstel en die teoloog in teologie.

## 3.4 BENUTTING VAN SPESIFIEKE KUNDIGHEDE IN DIE WERKSITUASIE


Aan die werkende persone in die ondersoekgroep is 'n lys van 25 spesialiseringsrigtings binne die sosiologie voorgehou en hulle is versoek om aan te dui
(a) of hulle in die rigting opleiding ontvang het, en
(b) indien ontvang, in welke mate die opleiding in die huidige werksituasie gebruik word.

Die resultate word in figuur 7 aangetoon. Die sirkeldiagram toon watter persentasie van die subpopulasie wel opleiding in die spesifieke rigting ontvang het en die staafdiagram, weerskante van die sirkel, watter persentasie van dié wat opleiding ontvang het dit baie of redelik baie aan die een kant en min of niks aan die ander kant gebruik. Slegs die rigtings waarin minstens 20 % van die groep opleiding ontvang het, word in die figuur aangetoon.

Dit is miskien nodig om iets te sê oor die "gebruik" van die opleiding. Sosiologie, soos ander vakke in die geesteswetenskappe, bied nie in die eerste plek opleiding in spesifieke beroepsvaardighede nie. Laasgenoemde kan beskryf word as 'n standaardbedryfsprosedure, dit wil sê 'n redelik vaste prosedure waarop 'n beroepstaak verrig kan word. Sommige sodanige take kan op 'n baie hoë vlak beoefen word soos 'n hartoorplanting. Die "gebruik" in die geval van sosiologie, soos in die ekonomie, sielkunde en volkekunde byvoorbeeld, moet eerder geïnterpreteer word as 'n bewuswording dat die studie van waarde is omdat groter begrip van 'n situasie verkry word en dat die situasie daardeur beter hanteer kan word, wat dan op sy beurt tot groter doeltreffendheid aanleiding sal gee. Die mate waarin die opleiding in die werksituasie gebruik word, sal ook afhang van ander veranderlikes soos beroep, geslag, werkgewer en ouderdom.

FIGUUR 7

PERSENTASIE WAT OPLEIDING IN 'N SPESIALISERINGSRIGTING ONTVANG HET EN DIE MATE WAARIN DIE OPLEIDING GEBRUIK WORD




'n CHAID-ontleding vir elk van die spesialiseringsrigtings is dan ook gedoen met die voorgenoemde as verklarende veranderlikes. Hierdie ontledings is egter na die tweede orde nie verder gevoer nie.

Figuur 7 toon dat daar vier rigtings is waarin minstens driekwart van die spesifieke subgroep (die werkendes) opleiding ontvang het. Die rigtings is algemene sosiologiese teorie, sosiopatologie, navorsingsmetodologie en gesinsosiologie. Van die rigtings word opleiding in die sosiopatologie en gesinsosiologie die meeste gebruik. Dendrogramme 3 tot 6 toon dat beroep in elkeen van die vier gevalle die belangrikste verklarende veranderlike is. Sover dit sosiologiese teorie aangaan, is daar behalwe die sosioloë en dosente in sosiologie wat baie gebruik van die opleiding maak (86 %), predikante en die bestuur- en administrasiegroep wat redelike gebruik daarvan maak. By die ander beroepsgroepe word dit maar min gebruik. Waar geslag as tweede orde veranderlike deur die ontleding aangetoon word, is mans meer geneig om aan te dui dat hulle van die opleiding gebruik maak as vroue en die ouer groepe is ook, meer as die jonger groepe, van mening dat hulle hul opleiding in die werksituasie gebruik. Beroep is weer eens in die geval van sosiaalpatalogiese gedrag die verklarende veranderlike wat die meeste van die variansie verklaar. In die spesifieke geval word die opleiding veral in die geval van vier beroepe in 'n redelike mate gebruik (ongeveer by 60 %), naamlik by dosente in sosiologie, dienswerkers (hoofsaaklik polisie en gevangenisdiensbeamptes), onderwysers en predikante. Wat geslag en ouderdom betref, herhaal die reeds bespreekte neiging homself.

Navorsingsmetodologie word maar min in die praktiese werksituasie gebruik, so in die omgewing van 23 % van die gevalle. Soos verwag kan word, word die opleiding in dié rigting taamlik baie deur die sosioloë en dosente in sosiologie gebruik, met ander woorde deur die persone wat ook heelwat navorsing onderneem. Ons het hier met 'n tipiese rigting te make waar die noodsaak van die opleiding nie gemeet kan word aan die mate waarin dit gebruik word nie. Indien 'n persoon geen opleiding in die rigting ontvang het nie, is dit onmoontlik om navorsingsresultate enigsins na waarde te evalueer.

DENDROGRAM 3

MATE WAARIN KENNIS VAN SOSIOLOGIESE TEORIE IN HUIDIGE BEROEP GEBRUIK WORD




(a) = Voorspelling is nie beduidend

<u>Beroepe</u>

A = Sosioloog
B = Dosent in Sosiologie
C = Ander dosent
D = Onderwysberoep
E = Godsdiensberoep
F = Ander Geesteswetenskaplik
G = Ander professioneel en Semi-professioneel
H = Bestuur en Administrasie
I = Dienswerker
J = Klerklike werker
K = Ander

<u>Ouderdom</u>


A = 20-24
B = 25-29
C = 30-34
D = 35-39
E = 40-44
F = 45-49
G = 50-54
H = 55-59
I = 60-64
J = 65+

<u>Geslag</u>

1 = Manlik
2 = Vroulik

DENDROGRAM 4

MATE WAARIN KENNIS VAN SOSIOPATOLOGIE/AFWYKENDE GEDRAG IN HUIDIGE BEROEP GEBRUIK WORD




(a) = Voorspelling is nie beduidend

<u>Beroepe</u>

A = Sosioloog
B = Dosent in Sosiologie
C = Ander dosent
D = Onderwysberoep
E = Godsdiensberoep
F = Ander Geesteswetenskaplik
G = Ander professioneel en Semi-professioneel
H = Bestuur en Administrasie
I = Dienswerker
J = Klerklike werker
K = Ander

<u>Ouderdom</u>

A = 20-24
B = 25-29
C = 30-34
D = 35-39
E = 40-44
F = 45-49
G = 50-54
H = 55-59
I = 60-64
J = 65+

<u>Geslag</u>


1 = Manlik
2 = Vroulik

<u>Huidige werkgewer</u>

1 = Eie diens
2 = Openbare sektor
3 = Openbare korporasies
4 = Privaatsektor

# DENDROGRAM 5

## MATE WAARIN KENNIS VAN SOSIOLOGIESE NAVORSINGSMETODOLOGIE IN HUIDIGE BEROEP GEBRUIK WORD




(b) = Geen voorspelling is moontlik

**Beroepe**

A = Sosioloog
B = Dosent in Sosiologie
C = Ander dosent
D = Onderwysberoep
E = Godsdiensberoep
F = Ander Geesteswetenskaplik
G = Ander professioneel en Semi-professioneel
H = Bestuur en Administrasie
I = Dienswerker
J = Klerklike werker
K = Ander

**Ouderdom**

A = 20-24
B = 25-29
C = 30-34
D = 35-39
E = 40-44
F = 45-49
G = 50-54
H = 55-59
I = 60-64
J = 65+

**Huidige werkgewer**

1 = Eie diens
2 = Openbare sektor
3 = Openbare korporasies
4 = Privaatsektor

Gesinsosiologie is 'n verdere rigting waarin meeste van die gegradueerdes opleiding ontvang het en wat redelik baie deur dosente in sosiologie, onderwysers en predikante gebruik word.

Die dendrogram toon ook dat dit veral die persone in die openbare sektor is wat hul opleiding in gesinsosiologie heelwat gebruik. In die privaatsektor sal dit waarskynlik die predikante wees wat hul opleiding in hierdie spesifieke rigting die meeste benut.

Figuur 7 toon verder dat daar ses rigtings is waarin tussen 50 en 70 % van die ondersoekgroep opleiding ontvang het. Van die rigtings is dit veral opleiding in groepsdinamika en sosiale sielkunde wat heelwat gebruik word. Die sosiale sielkunde is by uitstek die rigting waarvan die opleiding gebruik word en nie minder nie as 97 % van die ondersoekgroep het aangedui dat hulle die opleiding in hierdie rigting redelik tot baie gebruik.

Hierdie werklik verbasende persentasie kan moontlik 'n aanduiding wees dat die spesialis, as suiwer spesialis, in die geesteswetenskappe maar 'n baie beperkte werksveld het en hoofsaaklik in die akademie en in navorsing aangewend word. In laasgenoemde geval fokus die navorsing dan ook meer op die nie-probleemgerigte, want die vakdissiplines het 'n manier om te vervaag wanneer 'n probleem die onderwerp van die navorsing is.


Dat soveel as 76 % van die ondersoekgroep kan sê dat hulle hul opleiding in sosiale demografie nie juis in hul werk gebruik nie, is eintlik verbasend, gesien die belangrike rol wat bevolkingsgetalle en wat daarmee saamhang in die RSA speel.

Dendrogramme 3 tot 12 toon die assosiasie tussen die verklarende veranderlikes en die rigtings soos hierbo genoem.

In die meeste gevalle is dit weer eens òf beroep òf ouderdom wat die belangrikste verklarende veranderlike is. Die verband met beroep is soos gewoonlik voor die hand liggend en sal nie verder bespreek word nie. Die dendrogramme wat reeds bespreek is kan as voorbeeld in hier-

DENDROGRAM 6

MATE WAARIN KENNIS VAN GESINSOSIOLOGIE IN HUIDIGE BEROEP GEBRUIK WORD




(a) = Voorspelling is nie beduidend
(c) = N te klein vir verdere verdeling

Beroepe

A = Sosioloog
B = Dosent in Sosiologie
C = Ander dosent
D = Onderwysberoep
E = Godsdiensberoep
F = Ander Geesteswetenskaplik
G = Ander professioneel en Semi-professioneel
H = Bestuur en Administrasie
I = Dienswerker
J = Klerklike werker
K = Ander

Ouderdom


A = 20-24
B = 25-29
C = 30-34
D = 35-39
E = 40-44
F = 45-49
G = 50-54
H = 55-59
I = 60-64
J = 65+

Huidige werkgewer

1 = Eie diens
2 = Openbare sektor
3 = Openbare korporasies
4 = Privaatsektor

## DENDROGRAM 7

## MATE WAARIN KENNIS VAN SAMELEWINGSTRUKTUUR IN HUIDIGE BEROEP GEBRUIK WORD




(a) = Voorspelling is nie beduidend
(c) = N te klein vir verdere verdeling

**Beroepe**

A = Sosioloog
B = Dosent in Sosiologie
C = Ander dosent
D = Onderwysberoep
E = Godsdiensberoep
F = Ander Geesteswetenskaplik
G = Ander professioneel en Semi-professioneel
H = Bestuur en Administrasie
I = Dienswerker
J = Klerklike werker
K = Ander

**Ouderdom**

A = 20-24
B = 25-29
C = 30-34
D = 35-39
E = 40-44
F = 45-49
G = 50-54
H = 55-59
I = 60-64
J = 65+

**Huidige werkgewer**


1 = Eie diens
2 = Openbare sektor
3 = Openbare korporasies
4 = Privaatsektor

**Geslag**

1 = Mans
2 = Vroue

DENDROGRAM 8

MATE WAARIN KENNIS VAN GROEPSDINAMIKA IN HUIDIGE BEROEP GEBRUIK WORD




(a) = Geen voorspelling is moontlik
(c) = N te klein vir verdere verdeling

**Beroepe**

A = Sosioloog
B = Dosent in Sosiologie
C = Ander dosent
D = Onderwysberoep
E = Godsdiensberoep
F = Ander Geesteswetenskaplik
G = Ander professioneel en Semi-professioneel
H = Bestuur en Administrasie
I = Dienswerker
J = Klerklike werker
K = Ander

**Ouderdom**


A = 20-24
B = 25-29
C = 30-34
D = 35-39
E = 40-44
F = 45-49
G = 50-54
H = 55-59
I = 60-64
J = 65+

**Huidige werkgewer**

1 = Eie diens
2 = Openbare sektor
3 = Openbare korporasies
4 = Privaatsektor

## DENDROGRAM 9

### MATE WAARIN KENNIS VAN SOSIALE DEMOGRAFIE IN HUIDIGE BEROEP GEBRUIK WORD




(b) = Geen voorspelling is moontlik

**Beroepe**

A = Sosioloog
B = Dosent in Sosiologie
C = Ander dosent
D = Onderwysberoep
E = Godsdiensberoep
F = Ander Geesteswetenskaplik
G = Ander professioneel en Semi-professioneel
H = Bestuur en Administrasie
I = Dienswerker
J = Klerklike werker
K = Ander

**Ouderdom**


A = 20-24
B = 25-29
C = 30-34
D = 35-39
E = 40-44
F = 45-49
G = 50-54
H = 55-59
I = 60-64
J = 65+

**Huidige werkgewer**

1 = Eie diens
2 = Openbare sektor
3 = Openbare korporasies
4 = Privaatsektor

## DENDROGRAM 10

## MATE WAARIN KENNIS VAN SOSIALE SIELKUNDE IN HUIDIGE BEROEP GEBRUIK WORD




(b) Geen voorspelling is moontlik

**Beroepe**

A = Sosioloog
B = Dosent in Sosiologie
